

Familienavorsing as anker vir ons kinders

Dr Ria Slabbert ¹

Die Noord-Tranvaalse tak van die GGSA vier hierdie jaar ons 50tigste bestaansjaar. Almal doen ons navorsing met die oog op die instandhou van ons familiegeskiedenis en dit is ook redelik bekend dat belangstelling in familiegeskiedenis gedurende die laaste dekades wêreldwyd toegeneem het. Tog voel die navorsers nie noodwendig altyd die vreugde daarvan in eie geledere nie, naamlik dat ons eie familie en nageslag noodwendig die werk raadpleeg of in hul skik is met ons arbeid nie. Familienavorsing kan egter van groot betekenis wees: soms wanneer na grondeise gekyk word, maar ook op die dieper **sielkundige waarde** wat te doen het met enkelinge en groepe se herkoms en identiteit.

Hierdie bydrae is gebaseer op 'n voordrag wat gelewer is tydens een van die Noord-Transvaalse se jaarlikse daglange konferensies. Na 'n kort bespreking van interessante navorsingsgegewens en oor gebeure in Swede, is enkele sielkundige interpretasies gemaak

Navorsing gedoen oor die waarde van familiegeskiedenis

In 2003 is die volgende navorsing, met 'n baie interessante titel, deur 'n Amerikaanse Universiteit se Sielkunde Departement bekendgestel:

Of Ketchup and Kin: Dinnertime Conversations as a Major Source of Family Knowledge, Family Adjustment, and Family Resilience.²

Die groep navorsers van die Emory Universiteit in Alaska het die studie onderneem om te bepaal wat die aard van gesinne se gesprekke gedurende etenstye was. Dit was opvallend dat sekere gesinne, meer as ander gesinne, hulle familiegeskiedenis tydens hul gesinsetes bespreek het. Daar is 'n verbasend sterk verband gevind tussen die kinders se mate van kennis oor hul familiegeskiedenis en hul sielkundige welwees: hoe vollediger die kinders se kennis oor hulle families van oorsprong was, hoe beter was die tellings wat hul behaal het op die vraelyste wat hul interne lokus (plek van) kontrole en eiewaarde evalueer het.

Die studie is herhaal en is gepubliseer in 2008 met 'n selfs meer betekenisvolle titel:

Knowledge of family history as a clinically useful index of psychological wellbeing and prognosis³

In die opvolgstudie is die vorige resultate bevestig. Afgesien van positiewe resultate vir die kinders, het die gesinne as sodanig ook gebaat by die gesprekke oor hul familiegeskiedenis. Die betrokke kinders met 'n uitgebreide kennis van hul gesinne en families se geskiedenis was meer weerbaar teen negatiewe buite-invloede as die ander proefpersone: hulle het oor veel beter eiewaarde beskik en hul sterker interne lokus van kontrole kon verseker dat hul besluitneming geskied het op grond van hul eie sienings/oortuigings. Hierdie kinders se gesinne het beter funksioneer as die kontrolegroep: daar was naamlik beter samehorigheid, laer stresvlakke en minder gedragsprobleme aanwesig. Die navorsers was in der mate beïndruk met hul resultate dat hulle geglo het dat sielkundiges op grond van kinders se kennis van hul familiegeskiedenis selfs 'n voorspelling kan waag oor die kinders se toekomstige algemene weerbaarheid.

Hereniging van vervreemde ouers en kinders in Swede³

Aansluitend by die voorafgaande is die projek wat in Stockholm, Swede geloods is en waaroor dr Rentia Landman van die Noord Transvaalse tak berig het (Berig verkort):

Tydens die wêreldwye ekonomiese ontploffing van die sestigerjare van die vorige eeu is daar vir die toestromende arbeiders vanaf die platteland funksioneel toereikende dorpsgebiede daargestel. Die sosiale wanaanpassing van die plattelanders in die stadslewe was egter 'n probleem: albei ouers het gewerk en aangesien hulle inkomstes goed was en hulle nie meer die rigtinggewende en ondersteunende familiesisteme, wat op die platteland agtergebleef het, gehad het nie; het beide die ouers en hul kinders toenemend in alkohol- en dwelmmisbruik verval. Uiteindelik is die kinders van sosiaal wanaangepaste volwassenes deur die hof weggenoem en in pleegsorg of kinderhuise geplaas. Enkele jare gelede het van die ouers wat gerehabiliteer het na hulle kinders begin soek. Die kinders wat hulle voete in die samelewings gevind het, was egter skaam vir hulle ouers wat dwelmslawe en tronkvoëls was. 'n Vereniging, wat gestig is om rekonsiliasie te faciliteer, het met groot sukses van familiegeskiedenis gebruik gemaak.

Dr Landman sluit af met 'n waardering vir die rol van genealogie in die proses van hereniging: *Genealogie plaas 'n persoon se afkoms, met die suksesse en mislukkings van die voorgeslagte, in perspektief. Pa of ma was dalk 'n hopeloze mislukking, maar die genealogie faciliteer begrip vir die ouers se probleme, sowel as trots op oupas, oumas en die voorgeslagte wat goeie burgers van die samelewings was.*

Sielkundige Interpretasie

Selfs sonder wetenskaplik verantwoordelike gegevens, is dit algemeen bekend dat die mens geneig is om verheug en trots te voel as daar sprake is van 'n familieverwantskap met 'n persoon vir wie daar om een of ander rede besondere waardering is. Dink maar hoe graag mense daarna verwys as hulle verwant is aan enige van die bekendes in die geskiedenis/samelewings. Trouens, selfs al is daar nie eers iets besonders aan byvoorbeeld 'n bepaalde oupa nie, hoor 'n mens dikwels duidelike tevredenheid uit 'n opmerking soos: *Ja, ek aard nogal na my oupa....*

Vanuit 'n sielkundige perspektief kan gevra word waarom bogenoemde kinders, wat deel was van die proses in Swede, soveel gebaat het by kennis van hul familiegeskiedenis? Hoekom was aanvaarding van *minder goeie ouers* makliker nadat hul kennis bekom het oor hul familie en die betrokke geskiedenis? Waarom die vreugde oor 'n verwantskap met 'n buitengewone familielid of selfs tevredenheid oor 'n vorm van ooreenkoms met 'n *gewone* familielid?

'n Paar beginsels kan rigtinggewend wees:

3.1 Die belangrikheid van navolgenswaardige modelle

Veral die navolgers van die behavioristiese benadering in Sielkunde, beklemtoon die waarde aan modellering: kinders aap graag die gedrag van hul ouers of ander geliefde familie na. In die vorige gedeelte was dit duidelik dat sommige kinders egter nie noodwendig hul ouers maklik kan navolg nie. Dit spreek vanself dat dit waardevol is vir kinders om meer familielede beskikbaar te hê wat as

modelle van aanvaarbare menswees kan dien. Meer modelle as net onmiddellike ouers kan ook rigiede patronne van ontwikkeling teëwerk en selfs, soos dr Landman na aanleiding van bogenoemde Sweedse projek aangedui het, die totale proses van vervreemding van eie menswees omkeer.

3.2 Die behoefté om 'n erkende plek in 'n groep te geniet

Een van die formuleerders van persoonlikheidsteorieë, William Glasser, het aangedui dat kinders teen skoolgaande ouderdom moet ervaar dat twee ewe belangrike behoeftes binne gesinsverband bevredig word, nl. dat hulle hul geliefd EN waardevol is. Met ander woorde kinders moet voel dat hul gesinslede hulle nabyheid geniet EN dat hulle ook waarde toevoeg tot die gesinslewe. As dit die kinders se belewenis is met betrekking tot die hele uitgebreide familie, soveel te beter. Veral teen adolesensie, wanneer identiteitsvorming grootliks plaasvind, is die wete dat hulle 'n eie plek beklee en kan staatgmaak op begrip in hul eie familie, kardinaal vir eiewaarde, sekuriteit en vir die bereidheid om te waag met die oog op hul volwasse lewe.

In 'n bepaalde voorbeeld in die 60tiger jare, bekend aan die skrywer, het 'n dogter, wat anders as die res van die vroue in haar familie, buitengewone *belangstelling* getoon het in skoolwerk en 'n akademiese loopbaan wou volg, soos 'n *problematiese buitestander* gevoel. Haar tannies en niggies, wat eintlik net ingestel was op huishoudelike aktiwiteite en dus die verkryging van 'n eggenoot as van allergrootste belang beskou het, het uiteraard simpatie betoon met die dogters se ouers en as 'n verenigde front die tradisionele vroulike rol aan haar voorgehou. Moontlik sou sy minder alleen, *vreemd* en onaanvaarbaar gevoel het as sy (en die res van die familie!) geweet het dat hul oumagrootjie, waarvoor daar baie respek, maar baie onkunde was, ook bekend was vir die feit dat sy onder 'n boom skoolgehou het vir ongeletterde Kleurlinge se kinders ... *en dit terwyl die kos brand en stukkende klere ophoop?*

Volgens Erik Erikson, 'n kenner van die ontwikkelingsproses, kan daar selfs selfvervreemding en self-verwerping intree as jongmense voel dat hulle nie kan voldoen aan die verwagtinge van die betekenisvolle persone in hul lewens nie. In later-ontwikkelde terapeutiese modelle word daar in gesinsterapie van die sogenaamde Gesin-van-Herkoms-tegniek gebruik gemaak. Die doel van die tegniek is om begrip vir die verwagtinge van bepaalde familielede en/of gebruikte te faciliteer en sodoende meer insig en veral beter selfaanvaarding by 'n pasiënt te bewerkstellig van ontstellende en/of benadelende gebeure. Die pasiënte verkry sodoende 'n beter geheelprentjie en begrip van in hul eie rol in hul gesinslewens. Kennisname van verliese en probleme in die groter familieverband verklaar dikwils mense se optrede. 'n Pa, wat nie soos die res van sy familie sport- of akademiese prestasies kon behaal nie, se besonder sterk teleurstelling in 'n soortgelyke seun se gebrek aan prestasies kan byvoorbeeld beter begryp word.

3.3 Die noodsaak van 'n realistiese selfkonsep

Die vorige punte ontlok 'n belangrike vraag: wat doen mens met die inligting oor die familie wat nou nie juis so lofwaardig is nie; wat byvoorbeeld minder aanvaarbare eienskappe, gedrag en voorkoms het? Die sogenaamde kognitiewe benaderings in sielkunde beklemtoon die waarde van realistiese verwagtinge van die wêreld EN van mensself vir goeie aanpassing met 'n groter mate van vrede en geluk. Gesprekke oor die ster-eienskappe en suksesse van voorsate, maar ook die aanvaarding daarvan dat dieselfde mense soms gespoek het met hulself en die lewe, kan verseker bydrae tot kinders se gebalanseerde selfsiening en eiewaarde. Om goeie eiewaarde te ontwikkel is

juis 'n realistiese selfkonsep nodig, dit wil sê die wete en aanvaarding van mens se goeie en minder gawe eienskappe is belangrik. Dis weliswaar wonderlik om aanspraak te maak op die goeie eienskappe van die voorgeslagte! Terselfdertyd egter leer kinders dat selfs genetiese geneigdhede nie deterministies van aard is nie en **dat selfs geliefde familielede goeie en swakker eienskappe het**. Aan die een kant kan net sommige van die bogenoemde oumagrootjie se afstammelinge die gawe neiging *erf* om lus te wees vir leer, maar daarmee saam mag hul ook haar neiging tot die verwaarlozing van haar huistake *erf*! Aan die ander kant is dit vanselfsprekend dat mens ook lesse kan leer uit die verlede: mens kan leer om balans te behou, om tot 'n redelik groot mate die sterker eienskappe van die familie aan te leer of uit te leef EN om sover moontlik te leer uit hulle foute. **Dis belangrik dat die geskiedenis ons kinders se hoop op hul geerfde goeie eienskappe kan verhoog EN dat hul besef dat hulle nie slagoffers hoeft te wees nie - die geskiedenis kan herskryf word!**

Gesprekke oor ons familie, sowel as kennis van 'n groot aantal beskikbare modelle en navolging-waardige gedrag is goed vir gesinne en kinders. 'n Realistiese gebalanseerde beeld van ons familie - met hul swakhede en goeie eienskappe; waardering vir 'n groot verskeidenheid kwaliteite en terselfdertyd ook deernis vir familielede met probleme, bied ons kinders nie net die **ankers** van geborgenheid nie, dit dra by tot die **vleuels** van realistiese hoop en waagmoed!

VOETNOTE EN BRONNE

¹ Dr Slabbert is 'n kliniese en voorligtingsielkundige, verbonde aan die Noord-Transvaalse tak van die GGSA.

² Die navorsing is onderneem deur M.P. Duke, R. Fivush, A. Lazarus & J. Bohanek verbonde aan die Departement Sielkunde, Emory Universiteit. Die artikel is beskikbaar by The Emory Center for Myth and Ritual in American Life en is bekend as: *Working Paper, No. 26. May 2003*.

³ M.P. Duke, A. Lazarus & R. Fivush het hierdie navorsing publiseer in 'n joernaal, nl. *Psychotherapy: Theory, Research, Practice, Training, Vol 45(2), Jun 2008: pp. 268-272*.

⁴ Inligting per epos verkry van dr. Rentia Landman, verbonde aan die Noord-Transvaal tak van GGSA, (rlandman@lantic.net).